# PRIVAATHEIDSBELEID

**van**

# OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK
**("Die Private Liggaam" / "OVK")**

| | |
|---|---|
| **Saamgestel deur** | Ruann Gerber / Clive Neuwerth |
| **Opgedateer deur** | Dirk Postma du Plessis |
| **Datum van Opdatering** | 20/05/2026 |
| **Weergawe** | 2 |
| **Effektiewe datum** | 03/03/2022 |
| **Handtekening** | DPlessis |

**Inhoudsopgawe**

1. Inleiding....2
2. Die omvang van die beleid....3
3. Definisies....3
4. POPI Voorwaardes....5
4.1.1 Aanspreeklikheid en openheid....5
4.1.2. Verwerkingsbeperking en Verdere verwerkingsbeperking....5
4.1.3 Spesifieke Doel....5
4.1.4 Inligtingskwaliteit....5
4.1.5 Sekuriteit voorsorgmaatreëls....5
4.1.6 Data Subjek deelname....6
5. Persoonlike inligting versamel....6
6. Die gebruik van persoonlike inligting....6
7. Openbaarmaking van persoonlike inligting....7
8. Sekuriteitsmaatreëls....7
9. Toegang en regstelling van persoonlike inligting....8
10. Wysigings aan hierdie Beleid....8
11. PAIA & POPI Handleiding Beskikbaarheid....8
12. Rekords wat nie gevind kan word nie....9
13. Die Voorgeskrewe Gelde....9

1. **Inleiding**

Die Private Liggaam is 'n Publieke maatskappy wat 'n wye verskeidenheid landboudienste in die Republiek van Suid-Afrika lewer en moet in terme van sy bedryf wat die hantering, prosessering en stoor van persoonlike inligting insluit, aan die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (hierin bekend as "POPI") voldoen.

POPI vereis dat die Private Liggaam hul Data Subjekte inlig oor die manier waarop hul persoonlike inligting versamel, verwerk, openbaar gemaak en vernietig word.

Hierdie POPI-privaatheidsbeleid beskryf die manier waarop OVK van voorneme is om sy wetlike verpligtinge en vereistes na te kom ten opsigte van die wettige verwerking van persoonlike inligting soos in POPI daargestel.

POPI vereis verder dat OVK die Data Subjek (in hierdie geval "Jy/u") bewus maak van hoe jou/u persoonlike inligting wettig verwerk sal word. Deur kennis te neem van hierdie POPI-privaatheidsbeleid en deur u persoonlike inligting te verskaf, erken u dat u bewus gemaak is van die spesifieke doel van die verwerking van u persoonlike inligting.

U stem verder saam met die inhoud wat hierin vervat is en magtig hiermee die Private Liggaam om u persoonlike inligting vir die spesifieke doel en op die wyse soos hieronder uiteengesit, te verwerk. Hierdie beleid is onderhewig aan verandering wanneer wetgewende veranderinge 'n impak op die inhoud hiervan het.

2. **Die omvang van die beleid**

Hierdie beleid is van toepassing op Data Subjekte wie se persoonlike inligting verwerk, geprosesseer of gestoor word deur OVK in ooreenstemming met die vereistes uiteengesit in POPI.

3. **Definisies**

3.1. **"Toestemming"** enige vrywillige, spesifieke en ingeligte uitdrukking van wil ingevolge waarvan toestemming gegee word vir die verwerking van persoonlike inligting.

3.2. **"Data Subjek"** beteken 'n individu of regspersoon met wie die persoonlike inligting verband hou. Dit sluit in, maar is nie beperk tot bestaande en toekomstige werknemers,

onafhanklike kontrakteurs, kliënte, diensverskaffers, subkontrakteurs en enige ander belanghebbendes wat ook hierin "Jy/u" genoem word.

3.3. **"Inligtingsbeampte"** beteken die persoon wat verantwoordelik is om POPI nakoming aan te moedig binne OVK deur die voorwaardes vir die wettige verwerking van persoonlike inligting prakties te implementeer en die nodige bewustheid te skep. Die inligtingsbeampte is ook verantwoordelik om versoeke wat deur 'n Data Subjek gemaak is te hanteer met betrekking tot toegang van rekords of die regstelling, vernietiging of verwydering van sy / haar persoonlike inligting.

3.4. **"Persoonlike inligting"** beteken inligting wat verband hou met 'n identifiseerbare, individu of regspersoon soos gedefinieer deur die POPI-wet.

3.5. **"Private Liggaam"** beteken Oos-Vrystaat Kaap Bedryf Beperk **"OVK"** met registrasienommer 1999/004069/06 en geregistreerde besigheidsadres te Dan Pienaarstraat 19 , Ladybrand, 9745.

3.6. **"Verwerking"** beteken enige handeling of aktiwiteit of enige samestelling van handelinge, hetsy deur normale fisiese verwerking en prosessering of outomatiese prosessering van persoonlike inligting, wat verband hou met die versameling, ontvangs, opname, organisering, data versameling, berging, opdatering of wysiging, herwinning, verandering, konsultasie, gebruik, versending, transmissie, verspreiding of beskikbaarstelling in enige ander vorm of samestelling, koppeling sowel as beperking, agteruitgang of vernietiging van persoonlike inligting.

3.7. **"POPI"** beteken die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013.

3.8. **"OVK-Groep"** Sluit in Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk en sy filiale, Blue Crane Fibre, Oos Kaap Boerdery en Graanhandelaars, Van Lill Woolbuyers, OVK Eiendomme, Matla Energy, OVK Rekenaardienste, Oos Vrystaat Kunsmis, OVK Finansiële Dienste, OVK Empowerment, Olivia Energy Solutions, VGK Beleggings, Orange River Popcorn, Findoza asook Sinethemba Mafama.

4. **POPI Voorwaardes**

OVK is daartoe verbind om persoonlike inligting wettig te verwerk en om te voldoen aan die volgende voorwaardes soos in POPI gestel:

4.1.1. **Aanspreeklikheid en openheid:** OVK verbind hom daartoe om te voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in die POPI-wetgewing en dit stem verder in om deursigtig te wees in sy benadering tot die nakoming van die vereistes van POPI. Dit sluit in, maar is nie beperk tot die behoud van voldoende dokumentasie van alle verwerkingsbedrywighede en die bewusmaking van Data Subjekte (soos u) van al die besonderhede rakende die verwerking van u persoonlike inligting nie.

4.1.2. **Verwerkingsbeperkings:** OVK verbind hom daartoe om slegs persoonlike inligting te verwerk vir die spesifieke doel waarvoor dit in die eerste plek verkry is. Geen persoonlike inligting sal verder verwerk word indien dit is vir 'n doel wat verskil van die oorspronklike doel van insameling nie, tensy u as die Data Subjek verdere toestemming verskaf het, of sodanige verdere verwerking nodig is om uitvoering te gee aan die oorspronklike doel.

4.1.3. **Spesifieke doel:** OVK het nodig om akkurate rekords te hou en onderneem om nie persoonlike inligting vir 'n tydperk langer as gespesifiseer of vereis te hou nie. In gevalle waar die spesifieke doel vir die behoud van die persoonlike inligting verval het of waar die retensietydperk verval het sal OVK die persoonlike inligting aan die einde van die retensietydperk dienooreenkomstig en op so 'n wyse van ontslae raak dat sodanige inligting nie weer identifiseerbaar is nie.

4.1.4. **Inligtingskwaliteit:** OVK sal verseker dat akkurate, duidelike en relevante rekords altyd van die Data Subjek gehou word en onderneem om 'n prosedure te implementeer waar 'n Data Subjek kan versoek dat hul rekords reggestel, opgedateer, geskrap of vernietig word met die indiening van 'n toepaslike versoekvorm soos uiteengesit in die Private Liggaam se PAIA & POPI-handleiding. Dit bly steeds die Data Subjek se verantwoordelikheid om te verseker dat die data welke hy aan OVK verskaf korrek en op datum is.

4.1.5. **Sekuriteitsmaatreëls:** Die Private Liggaam sal tot die beste van sy vermoë die nodige veiligheidsmaatreëls in plek stel om te verseker dat persoonlike inligting veilig gehou word en om die risiko's van data-oortredings soos byvoorbeeld dataverlies, vernietiging en ongemagtigde toegang te verminder.

4.1.6. **Data Subjek deelname:** Die Data Subjek kan toegang tot sy / haar persoonlike inligting rekords versoek en kan ook versoek dat sodanige persoonlike inligting rekords reggestel of geskrap word soos uiteengesit in POPI, maar onderhewig aan sodanige ander heersende wetgewing wat sodanige skrapping sal verbied of verhoed.

## 5. Persoonlike Inligting Versamel

5.1 OVK sal slegs die persoonlike inligting van die Data Subjek verwerk:

- Met die toestemming van die Data Subjek;
- In die uitvoering van 'n kontrak waar die Data Subjek 'n party tot die kontrak is;
- Ten einde te voldoen aan wetgewing of 'n plig wat daargestel is deur wetgewing;
- Die regmatige belange van die Data Subjek te beskerm; en/of
- Die regmatige belange van OVK of 'n derde party aan wie die persoonlike inligting verskaf word, te beskerm of bevorder.

5.2 Bronne van waar OVK persoonlike inligting kan insamel:

- Direk van die Data Subjek;
- Van derde partye soos werwingsagentskappe, kredietburo's, reguleerders, verifikasie-agentskappe of diensverskaffers;
- Deur ons webwerf, toepassings, stelsels, sosiale media, CCTV en kommunikasieplatforms; en
- Deur die lewering van goedere en/of dienste.

5.3 Die tipe persoonlike inligting wat versamel en verwerk word sal afhang van die behoefte en doel waarvoor dit versamel word en sal slegs vir daardie spesifieke doel verwerk word, tensy sodanige inligting vir 'n ander doel gebruik moet word om uitvoering te gee aan die besigheids- of kontraktuele verhouding tussen u en die OVK-groep. OVK sal nooit die inligting buite so 'n omvang gebruik sonder u

bykomende toestemming nie en slegs sodanige inligting wat nodig is om aan jou as die Data Subjek se versoek vir goedere of dienste uitvoering te gee. OVK sal u inlig oor die persoonlike inligting wat nodig is om uitvoering te gee aan sodanige dienste of goedere, en indien u verkies om nie sodanige inligting te verskaf of versoek dat sodanige inligting wat reeds in OVK se besit is vernietig word (waar sodanige inligting nie ingevolge enige ander wet of regulatoriese vereiste vereis word nie) sal OVK u nie van sodanige goedere en of dienste kan voorsien nie.

5.4 Voorbeelde van die persoonlike inligting wat ons versamel, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- Naam;
- Kontakbesonderhede;
- Fisiese en posadres;
- Identiteitsnommer;
- Belasting verwante inligting;
- Vertroulike korrespondensie;
- Finansiële inligting.

5.5 OVK versamel en verwerk ook persoonlike inligting van die Data Subjekte vir bemarking doeleindes ooreenkomstig die bepalings van POPI asook die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008. As u egter wil ophou om enige bemarkingsmateriaal van OVK te ontvang, sal u die opsie hê om op enige gegewe tyd uit sulke kommunikasie lys verwyder te word.

## 6. Die gebruik van persoonlike inligting

6.1 Jou persoonlike inligting sal slegs gebruik word vir die spesifieke doel waarvoor dit versamel is en soos wat toestemming deur u as Data Subjek verleen word.

Dit kan insluit, maar nie beperk word tot:

- Die verskaffing van goedere en dienste en om transaksies uit te voer soos versoek;

- Die navrae van kredietwaardigheid of verifikasie (van toepassing waar aansoek om krediet ingedien word);
- Bevestig, verifieer en opdatering van Data Subjek besonderhede;
- Uitvoer van marknavorsing;
- Vir oudit- en rekordhoudingsdoeleindes;
- Regstappe (indien enige);
- Bemarking en verwante kommunikasie;
- Kliënt databasis opdaterings;
- Werwing en menslikehulpbronadministrasie;
- Kliënteverhoudingsbestuur en ondersteuning;
- Verskaffer-indiensname, verkryging en betaling;
- Nakoming van wetlike en regulatoriese verpligtinge; en/of
- Bestuur, risikobestuur en interne verslagdoening.

## 7. Openbaarmaking van persoonlike inligting

7.1 OVK mag u persoonlike inligting openbaar aan:

- OVK se werknemers, beamptes, direkteure, agente en gemagtigde verteenwoordigers op 'n "*need-to-know*" grondslag;
- Filiale binne die OVK-groep;
- Operateurs en diensverskaffers wat inligting namens ons verwerk, soos byvoorbeeld eksterne ouditeure, regsadviseurs en verifikasiediensverskaffers;
- Reguleerders, regeringsowerhede of instansies, howe en tribunale waar dit deur wetgewing vereis word;
- Versekeraars, banke en betalingsdiensverskaffers;
- Enige ander derde party waar openbaarmaking regmatig en noodsaaklik is.

7.2 Alle openbaarmakings sal voldoen aan die bepalings van POPI om die beskerming van u persoonlike inligting te verseker. OVK sal nooit u inligting verskaf aan 'n derde party wat nie aan die voorskrifte van POPI voldoen nie, of waar soortgelyke data privaatheidsbeleide nie in plek is nie.

## 8. Sekuriteitsmaatreëls

8.1 POPI vereis dat persoonlike inligting voldoende beskerm moet word om te verhoed dat die persoonlike inligting deur 'n ongemagtigde persoon verlore word, vernietig word of onwettig verkry word.

8.2 OVK sal sy sekuriteitskontroles en -prosesse voortdurend hersien om te verseker dat persoonlike inligting veilig is.

8.3 Die volgende prosedures is in plek om die persoonlike inligting wat ingesamel word, te beskerm:

- OVK het 'n inligtingsbeampte aangestel wat verantwoordelik is vir die nakoming van die voorwaardes van die wettige verwerking van persoonlike inligting en ander bepalings van POPI.

- Daar sal van elke nuwe werknemer verwag word om 'n dienskontrak te onderteken wat relevante toestemmingsklousules bevat vir die gebruik en berging van werknemerinligting, of enige ander aksie wat so vereis word, in terme van POPI.

- Elke bestaande werknemer, het 'n addendum tot hul Dienskontrakte onderteken wat relevante toestemmingsklousules bevat vir die gebruik en berging van werknemerinligting.

- OVK stoor en argiveer harde kopie persoonlike inligting in geslote liassering kaste, loop in kluise en toegang-beheerde kantore waartoe toegang beperk is tot gemagtigde personeel, soos vereis in terme van POPI,

- OVK se verskaffers en ander derdeparty-diensverskaffers sal vereis word om 'n diensvlakooreenkoms (Data Protection Agreement "DPA") te onderteken wat hul verbintenis tot die beskerming van persoonlike inligting bevestig. Dit sal gereeld gemonitor en hersien word.

- Alle elektroniese lêers of persoonlike inligting word veilig gestoor en gerugsteun om ongemagtigde toegang deur derde partye en ander dataoortredingsbedreigings

te voorkom. 'n Toegewyde IT-span is beskikbaar om te help met enige moontlike sekuriteitsbreuke of poging tot sekuriteitsbreuke om die deurlopende beskerming van u persoonlike inligting moontlik te maak.

## 9. Bewaring

9.1 Ons sal persoonlike inligting slegs behou vir solank dit nodig is om die doel te vervul waarvoor dit ingesamel of verwerk is, tensy:

- Langer bewaring deur wetgewing vereis of gemagtig word;
- OVK die rekord redelikerwys benodig vir regmatige doeleindes wat verband hou met sy funksies of aktiwiteite;
- Bewaring deur 'n kontrak tussen die partye vereis word; of
- Die Data Subjek tot die bewaring ingestem het.

9.2 Sodra persoonlike inligting nie meer benodig word nie, sal ons dit, waar toepaslik en regmatig, uitvee, vernietig en de-identifiseer.

## 10. Toegang en regstelling van persoonlike inligting

10.1 Onderhewig aan POPI en ander toepaslike wetgewing het 'n Data Subjekte die reg om:

- In kennis gestel te word dat hul persoonlike inligting ingesamel word of dat hul persoonlike inligting deur 'n ongemagtigde persoon verkry is;
- Vas te stel of OVK persoonlike inligting oor die Data Subjek hou en toegang daartoe te versoek;
- Regstelling, vernietiging of verwydering te versoek van persoonlike inligting wat onakkuraat, irrelevant, buitensporig, verouderd, onvolledig, misleidend of onregmatig verkry is;
- Op redelike gronde wat verband hou met hul besondere situasie, teen die verwerking van persoonlike inligting in sekere omstandighede beswaar te maak;
- Beswaar te maak teen die verwerking van persoonlike inligting vir direkte bemarking;
- Toestemming terug te trek waar verwerking op toestemming berus, sonder om vorige regmatige verwerking te raak; en

- ’n Klagte by die Inligtingsreguleerder in te dien of toepaslike regshulp by ’n hof te soek.

10.2 Verwys gerus na OVK se PAIA & POPI-handleiding (wat op ons webwerf www.ovk.co.za beskikbaar is) vir verdere inligting of stappe wat gevolg kan word vir toegang, vernietiging, regstellings of wysigings van u persoonlike inligting.

10.3 Die besonderhede van OVK se inligtingsbeampte is soos volg:

| | |
|---|---|
| **Naam:** | Dirk Du Plessis |
| **Telefoon:** | 051 923 4512 |
| **E-pos:** | dirkdp@ovk.co.za |
| **Fisiese adres:** | Dan Pienaarstraat 19, Ladybrand, 9745 |
| **Posadres:** | Posbus 96, Ladybrand, 974 |

## 11. Skendings en klagtes

11.1 Indien OVK redelike gronde het om te glo dat enige persoonlike inligting deur ’n ongemagtigde persoon verkry is, sal ons die Inligtingsreguleerder en geaffekteerde Data Subjekte so gou as redelik moontlik in kennis stel, tensy die Data Subjek nie geïdentifiseer kan word nie.

11.2 Indien u glo dat ons u persoonlike inligting onregmatig of op ’n wyse verwerk het wat u regte skend, kan u ons Inligtingsbeampte kontak. U het ook die reg om ’n klagte by die Inligtingsreguleerder in te dien – POPIAComplaints@inforegulator.org.za / 0800 017 160.

## 12. Koekies en Webwerfgebruik

12.1 OVK mag webwerf koekies en soortgelyke tegnologieë gebruik om:

- Webwerffunksionaliteit moontlik te maak;
- Voorkeure te onthou;
- Die gebruikerservaring te verbeter;
- Webwerfverkeer te ontleed; en
- Sekuriteit en bedrogvoorkoming te ondersteun.

Waar vereis, kan Data Subjekte koekievoorkeure deur blaaier- of webwerfinstellings bestuur.

12.2 Hierdie Privaatheidsbeleid reguleer die gebruik van OVK se webwerf, asook enige ander webblaaie, webwerwe, toepassings, stelsels of sosiale media wat deur OVK bestuur of benut word.

12.3 Deur voort te gaan om enige van die voorafgenoemde webblaaie, webwerwe, toepassings, stelsels of sosiale media te besoek of gebruik, bevestig u dat u hierdie Privaatheidsbeleid gelees het en die inhoud hiervan verstaan en aanvaar.

12.4 Deur voor te gaan om OVK se webwerf, stelsels of toepassing te gebruik, verleen u dus toestemming aan OVK om u persoonlike inligting te prosesseer vir sodanige gebruik.

**13. Wysigings aan hierdie beleid**

13.1 Hierdie beleid sal hersien en gewysig word, wanneer dit deur wetgewing vereis word of wetgewing verander.

**14. PAIA & POPI Handleiding Beskikbaarheid**

14.1 U kan toegang verkry tot OVK se PAIA & POPI-handleiding by sy fisiese kantore, via sy webwerf of deur 'n afskrif van die Inligtingsbeampte aan te vra.